# menlo-insig

24/2023

## LIEWE MENLO

Menlovaria, die skool se eie kunstefees, bied 'n kitskyk na Menlo-talent. Daar is slegs 'n paar uur oor voor die gordyn vir die Wennerskonsert lig: Die vere is reggeskud, die mikrofoon wag en die teater is gereed! Geniet die voorsmakie...



## MENLO MA'S WAT OMGEE

**Teks: Filippense 4:4 (1983-vertaling)**

"Wees altyd bly in die Here! Ek herhaal: Wees bly!"

## DAGBOEK


**16/9** Gr. 10-bal / Landloop: SA-skolekampioenskap

**20/9** MMA-kampioenskap (finale ronde) & Prysuitdeling / Tennis: o. 15-toernooi (AHMP)











# KULTUUR

## Menlovariawenners bekend!

**Menlo** (s.nw., ww.): Eie aan Die Hoërskool Menlopark. Sluit alle Menlo-mal-momente in.
**Varia** (b.nw.): Divers, verskillend, anders.
**Menlovaria** (s.nw., ww., b.nw.): Menlo se eie kunstefees waar Menlo-kultuur deur massadeelname op 'n unieke wyse gevier word.

**Skryfkuns**

Kortverhale — 1. Heinrich Reynders & Skye Smit
Poësie — 1. Jadyn van Jaarsveld — 2. Danica Dimitrova & Clara Serfontein — 3. Ghitte Wiid & Alexander Gerber

**Ligte musiek**

Sanggroep — 1. Ladies in Red — 2. Kruisbandrevolusie
Sang — 1. Kathleen van Rooyen, Margot Lortan & Cameron Pieters

**Instrumentaal** — 1. Klara Schutte — 2. Mieke du Preez

**Klasieke musiek**

Instrumentaal — 1. Liam de Koning — 2. Markus de Jager, Luka Smit & Gerhard Mahne

**Seremoniemeester** — 1. Rijanli Oerlemans

**Harevleg** — 1. Kiara Geldenhuys, Mikal Venter & Karmen Nel

**Duitse huisies** — 1. Génali McDonald & Janelle Mellet — 2. Nina Dicks en Klara Schutte — 3. Jeanne-Marie van Brummelen, Zelia Küsel, Annika Böhmer & Katrien Mahne

**Fotografie** — 1. Shay-Leigh Barbier — 2. Eras Schutte — 3. Bianca Schmulian

**Drama**

Gedramatiseerde prosa — 1. Nica Thuynsma & Rian Knoesen
Dialoog — 1. Jadyn en Kaniel van Jaarsveld
Poësie — 1. Christiaan de Jager
Monoloog — 1. Benjemen Schoeman & Carli Brouwer
Groepwenners — 1. Die Koeksusters

**Dans**

Groepe — 1. Gia Marais & Anika Burke
Solo's — 1. Lelize van der Walt — 2. Reeze Zeuner — 3. Birgitte Schoeman

**Kuns**

Stoelverf — 1. Katrien Mahne — 2. Isabella le Roux, Gabby le Roux & Génali McDonald — 3. Amorey Green
Tafelverf — 1. Angeline Holder — 2. Annabelle Geel, Anneen v Vuuren en Madia van der Westhuizen — 3. Anna Stassen en Anja Blount

**Sokkiejol** — 1. Elrisha Ras & Evert Greyling

**Koeke** — 1. Suné vd Berg, Keila Manthe & Danielle Korff — 2. Natalie Moreira, Nica Botha & Helen Massyn — 3. René Coetzee & Debora Grobbelaar

**Potjiekos** — 1. Bedoeïene & Jalapeno Hotties — 2. Concrete Cookhouse & Pottie Trainers — 3. Potte vir Kersfees & Pot Pioniers

**Herwinningsrokkies**

Mees berese rok — Amelie Melcher
Toonkrul-giggellaglekker rok — Hymne Schutte
Mees tegnies innoverende rok — Bianca vd Walt
Mooiste aandrok — Carlize van Jaarsveld
Algehele wenner — Lize Booysen










# DRAMA

## Menlo-talent ontmasker

Gedurende Julie en Augustus was daar tonne aksie op die planke toe die Menlo-akteurs hul *Plekke* op verskeie verhoë by die ATKV-Tienertoneel-, FAK- asook Pronk Podium-kompetisies ingeneem het. Die gehore is bekoor en daar is getoor met beligting, klank en verhoogbestuur.

Elke *Spier* is gespan, elke woord gespreek, die dekor was reg, die optredes perfek geplot.

Daar is lewenslesse geleer in *Hansie Slim* en moeilike situasies hanteer in *Fliek op 'n Vrydagaand*.

Een ding is vir seker: Van 'n lag tot 'n traan is daar stories vertel – slegs *Tydelik* op die verhoog, maar blywende indrukke is gelaat.

Uitslae is ontvang, nou wel nie *Per Pos* nie, maar die agt produkies het die beoordelaars beslis beïndruk.

Daar was uitstekende spel en selfs sang in *Lomp In My Liefde*, want toneel is meer as net speel.

*As Ek* jy is word ek volgende jaar daarvan deel!

Hierdie produksies het ook gedurende die eerste week van September in die Wilge Teater opgetree. Hier kon hulle vir oulaas 'n draai op die verhoog maak voordat 'n baie suksesvolle seisoen afgesluit word.

Menlo-toneel is baie trots op elke lid, of jy nou 'n rol vertolk het, 'n knoppie gedruk het om die ligte aan te hou, of alles glad laat verloop het agter die verhoog – elkeen het 'n bydrae gelewer tot die sukses wat behaal is.

Die uitslae van al die kompetisies is ontvang, saamgevoeg en gereed vir publikasie.... Blaai gerus om!

# DRAMA

## Plekke

Brons toekennings: 13

Silwer toekennings: 14

Goue toekennings: 4

Spesiale toekennings:

- Ensemble: Brons
- Verhoogbestuur: ATKV-Streekstoekenning (Kaitlin le Roux)
- Speltoekennings: Twee silwer en een brons (Rian Knoesen)



## Spier

Brons toekennings: 10

Silwer toekennings: 12

Goue toekennings: 4

Spesiale toekennings:

- Ensemble: Brons
- Spel: Brons toekennings vir Lana Langeveldt en Ilme Taljaard
- Tegnies: ATKV-Streekstoekenning (Luka Smit, Clara Serfontein, Le Roux van Wyk & Skye Smit)



## Hansie Slim

Brons toekennings: 17

Silwer toekennings: 8

Goue toekennings: 1

Spesiale toekennings:

- Spel: Brons toekennings vir Rheuben Pieterse en Chanté le Roux
- Ensemble: Brons



Menlo se toneelgeselskap het vanjaar so goed presteer dat al die goeie nuus nie in een Insig-uitgawe pas nie. Hou gerus Insig 25 vir die ander groepe se uitslae dop.








# AKADEMIE

## Nul is nie niks nie, maar Menlo is 100%

Dit is 'n welbekende feit dat die Parkies talentvol is. Daar is die wat 'n hokkiebal behendig om opponente kan navigeer, ander wat 'n gholfbal myle ver kan moker en selfs 'n paar wat daarin slaag om 'n krieketbal op presies die regte oomblik los te laat sodat 'n opponerende kolwer met 'n wip-, draai-, of goëlbal uitgevang word.

Die meeste van hierdie talente is sigbaar – 'n mens kan immers sien hoe ver 'n diskus trek of hoe 'n verdediger op 'n netbalbaan strek.

Dan is daar die Parkies wie se talent nie altyd sigbaar is nie, maar wat oor uitsonderlike sig beskik. So sien die meeste van ons 'n getal sonder dat dit enige emosie aanwakker, maar wanneer 'n wiskundige na 'n getal kyk, sien hulle patrone wat bokant *gewone mense* se vuurmaakplek is.

Die Insig het ondersoek na hierdie verskynsel ingestel en self 'n paar interessante feite oor getalle raakgeloop.

Die antieke Grieke het geglo dat nul geen bestaansreg het nie. Selfs die Romeine het saamgestem dat dit sinneloos is om 'n leë kolom voor te stel wanneer berekeninge uitgevoer is. Daar is later in Indië ontdek dat nul nie niks is nie. So ontstoke was die Italianers hieroor dat banke in die 1200's verbied is om nulwaardes in hul boekhouding te gebruik. Dit wil voorkom asof die Italianers intussen vrede met nul gemaak het en die Insig wonder of dit die rede is waarom pizzas amper soos nulle lyk..?

Pierre de Fermat was ook 'n wiskundige wat die geheime agter syfers kon raaksien. In 1630 skryf Pierre in sy dagboek dat hy 'n wiskundige voorstel het, maar kla dat die kantlyn in sy boek nie breed genoeg daarvoor is nie. Mnr. De Fermat het gelukkig onthou om sy gedagtes elders neer te pen – 'n stap wat wiskundiges vir meer as 300 jaar met hoofbrekens besorg het. Mnr. De Fermat se stelling is eers in 1994 deur Sir Andrew Wiles van Princeton Universiteit bewys en dit in 'n dokument van meer as 100 bladsye vol komplekse wiskunde.

Die Parkies het, soos die Grieke, nie baie met nul te doen nie, maar hulle weet presies hoe om syfers in gelid te roep sodat daar sin uit somme gemaak kan word.

Baie geluk aan die volgende leerders wat onlangs in Gauteng-Noord-spanne aan die South African Mathematics Foundation se nasionale spankompetisie deelgeneem het:

### Junior afdeling

Erik Senekal, Le Roux van Wyk, Daniël Palmer en Skye Smit was lede van Gauteng-Noord se A-span en het verseker dat dié span tweede uit 39 spanne eindig.

### Senior afdeling

Cari Bellingan (GN 1) en Andries Beyers (GN 2) se bydrae tot die provinsie se senior spanne het Gauteng-Noord gehelp om onderskeidelik die nasionale derde en elfde posisies te beklink.

Daar hoef nie ver gesoek te word om die stelling dat Menlo-wiskunde kook, te bewys nie. Knap gedaan!


# GHOLF

## Menlo-gholf op kruin van golf

Die seisoen staan einde se kant toe... Menlo 9 het in die C-liga net-net teen Hoërskool Waterkloof vasgeval (45-48).

In die B-liga slaag Menlo 5 daarin om na die finaal deur te dring waar hulle AHS 5 en Montana 1 die stryd sal aansê.

Baie geluk aan die spelers en afrigters.



# NETBAL EN RUGBY

## Menlo-blitsspanne snel uit die blokke






Die Menlo-ritme is vinnig, maar alles skakel in die derde kwartaal na die volgende rat oor. Menlo se blitsspanne – rugby en netbal – kry dit moeiteloos reg om punte teen supersoniese spoed aan te teken en sirkels om die opponente te hardloop. Hier volg die week se blitsuitslae:

**Netbal: Fast5-Gauteng-kampioenskap**

o. 18 : Tweede & Kwalifiseer vir SA's.

o. 15 : Derde & Kwalifiseer vir SA's.

**Ratsrugby: Montana Sewes**

o. 15 & o. 17
Bronsmedaljewenners & Kwalifiseer
vir die Noordvaal-toernooi.

Baie geluk aan die spelers en afrigters.

# SWEM EN ATLETIEK

## Komaan somer!

Op Menlo-bodem is die somer sinoniem met atletiek en swem. Die wintersdrag is skaars weggepak of die atlete en swemmers het in die nuwe seisoen ingeduik.


Menlo se September-swemseisoen het oudergewoonte met die lentegala afgeskop waar nege laerskole, een selfs so ver soos Rustenburg, die waters op Menlo-bodem kom toets het. Verskeie rekords het gespat en Menlo is saam met die laerskole opgewonde oor die talentvolle leerders se swemtoekoms. Baie geluk aan Laerskool Hennopspark wat as wenners uit die stryd geswem het.

Diegene wat na groener gras op soek was en veiliger op land as in water voel, het intussen vir die blitzbyeenkomste aangetree. Die seisoen is nog nat agter die ore, maar die atlete het gewys dat daar geen tekort aan geesdrif en talent is nie. Massadeelname bly nou maar eenmaal 'n fees en dit is nou die tyd om 'n draai op die baan of veld te maak indien daar enige Parkie is wat sy/haar atletiektalent wil ontgin.


Baie dankie aan die beamptes en afrigters wat verseker dat die swemmers en atlete altyd gereed is om in 'n seisoen in te duik. Sterkte met die voorbereiding vir die galas en byeenkomste op die horison.











# KRIEKET




## Menlo-behaal driekuns!

Die spreekwoordelike kat is verlede week in die duiwehok, nee op die kolfblad, losgelaat. Menlo se kolwers het die langsteel behoorlik ingelê, terwyl ons boulers biltong van die ander spanne se kolfwerk gemaak het. Loer gerus na Steve Stolk (4/19), Johan Bosch (5/36) en Adriaan van der Westhuizen (3/17) se puik boulsyfers. Baie geluk aan die spelers en afrigters met uitstekende vertonings.

### Menlopark 1ste XI teen Cornwall Hill 1ste XI

| | |
|---|---|
| Menlo | 227 almal uit (Pierré de Villiers 36, Ben Strydom 33) |
| Cornwall | 151 almal uit (Steve Stolk 4/19, Gerhard-Nico van Zyl 2/36) |

Menlo wen met 76 lopies.

### Menlopark 2de XI teen Cornwall Hill 2de XI

| | |
|---|---|
| Cornwall | 111 almal uit (Johan Bosch 5/36) |
| Menlo | 113/4 (Marcus de Aguiar 46) |

Menlo wen met 6 paaltjies.

### Menlopark 4de XI teen Zwartkop 3de XI

| | |
|---|---|
| Zwartkop | 211/9 (Adriaan van der Westhuizen 3/17, Heinrich Muller 2/20) |
| Menlo | 212/4 (Zander van der Mescht 58*, Jaimi Coertse 57) |

Menlo wen met 6 paaltjies.




# MUURBAL

## Menlo-muurbalbestes besoek plaaslike trope

Tien van Menlo se muurbalbestes het die Menlo-bodem verlede naweek tydelik verlaat om hulleself teen die room van KwaZulu-Natal-muurbal te toets. Skole soos Epworth, Kearsney College en Maritzburg College was op die toerprogram waar die MMA bewys het dat lugdruk en klimaat geen invloed op hulle uitstekende spelpeil het nie.

'n Mens kan mos nie in die tropiese Natal kuier sonder om 'n draai by die see te maak nie. Die Insig het by navraag betroubaar verneem dat die spelers wel 'n kans gegun is om hulle rakette vir swemklere te verruil, maar nie voordat daar eers op die strand geswoeg en gesweet is nie en "Tannie," sê hulle, "dit is baie makliker om op 'n houtvloer as sand te hardloop."

Terug op eie bodem is daar plek-plek sandkorrels op die stoepe opgemerk, maar ten spyte van moeë spiere is die MMA – spelers en afrigters – dit tog eens dat die ekskursie na die trope dividende in die toekoms sal lewer.






# ALUMNI

MENLOBOND — Menlo vir altyd!






## Oud-Menloparkers presteer op sportveld

Suid-Afrikaners word deesdae met sport uit die boonste rakke bederf. Minder aktiewe sportgeesdriftiges – die wat verkies om sport te kyk eerder as om sport te beoefen – se vingers sal nou behoorlik drukfiks raak soos wat daar tussen netbal, krieket en rugby gehop word. Indien kykers 'n gesig of twee op die kassie herken, kan hulle gerus twee keer kyk, want daar is 'n klompie oud-Parkies oor die land en wêreld heen in aksie.

Anja van den Heever, 2022 se netbalkaptein, draf vir Tuks se eerstespan in die Varsity beker-reeks uit, terwyl Dean Foxcroft (2016) sy buiging vir die Swartpette se blitsspan teen Bangladesj gemaak het.


## Oud Parkies oorbrug tydsgrense

"As ek my lewe heel van voor weer oor kan kry, dan sou ek als presies dieselfde doen. Want as ek als dieselfde doen, speel jy dalk dieselfde rol in my verhaal." (Lucas Maree)

Oud-Menloparkers wat van toeka tot nou spore op Menlo-bodem getrap het, het Saterdagaand byeengekom om die vriendskapsdrade op te tel. Die Kuierfees – 'n eerste van sy soort op Menlo-bodem – was 'n reusesukses. Daar is gemoedelik om braaivleisvure gekuier, terwyl staaltjies oor toeka se dae uitgeruil is.

Die Kuierfees beloof om 'n jaarlikse instelling te word waar oud-Parkies by hulle alma mater kan inloer. Die skool bedank graag vir me. Gisela van Garderen vir haar reëlings. Ons maak gou weer so.













# SPOG



## Parkie sit beste dansvoet voor; raap toekennings op!

Die Insig spog vandeesweek met Lelize van der Walt (gr. 11). Hierdie soepel Parkie het haar danstalent onlangs in verskeie items by die Artisticulta National Dance Festival ten toon gestel waar sy die volgende uitslae behaal het: 6 x 1ste plekke & 1 x 2de plek. Sy raap ook twee spesiale toekennings op. Baie geluk!


DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS
60
1963 | 2023
Klerebank vir skoolklere met karakter
Me. Lize Preston
(lize.preston@menlopark.co.za)
Klerebank vir sportklere met karakter
Me. Estelle Velloen
(estelle.velloen@menlopark.co.za)


DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS
60
1963 | 2023
MENLO-KLEREWINKEL
Menlo-sportklere
en -sweetpakke
• Maandae, Woensdae & Vrydae: 07:00 - 08:00
• Dinsdae & Donderdae: 13:30 - 14:30
Mnr. Tinus Vermaak
082 322 6081



DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS
60
1963 | 2023
Bemarkingskantoor
Menlo-T-hemp R130
Menlo-hoed R60
Menlo-pawiljoenkussinkies R80


DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS
60
1963 | 2023
MENLO-
WISKUNDEKLASSE
14:10 – 15:10
Graad 8 Maandae
Graad 9 Dinsdae
Graad 10 Woensdae
Graad 11 & 12 Donderdae


FOTOMUUR #MENLO60
1. Neem jou beste #Menlo60 foto waar die feestema duidelik uitgebeeld word.
2. Laai die foto's (maksimum 5) na 'n lêer op jou Google Drive.
3. E-pos die 'link' asook jou naam, van, graad en klas na menlo60@menlopark.co.za.
SOKKIES-VIR-SESTIG
• Geblikte sokkies: R170
• Beskikbaar: Finansiële kantoor.
FEESJAARKOFFIEBEKERS
• Veilig vir die skottelgoedwasser: R50
• Beskikbaar: Finansiële kantoor.
DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS
60
1963 | 2023
VIER 60 SAAM!

# MARKPLEIN


TOYOTA
LEAD THE WAY
NMi TOYOTA MENLYN
Legendary deal
HILUX DOUBLE CAB, LEGEND 4X4 RS AUTO
ONLY R899 900
HILUX
Colette Nel
New car Sales Executive
012 821 4252
Limited offer | Terms and Conditions apply


Skin • Body
Aesthetics
Scan QR Code
PRICE LIST
WEBSITE
follow us on:
Skin and Body Aesthetics
072 490 5395
334 Brooklyn Rd, Menlopark
(entrance in 10th Street)
1,3km from Hoërskool Menlopark


TOYOTA
LEAD THE WAY
NMi TOYOTA MENLYN
Vitz special ONLY R169 000
SAVE 20K
VITZ
Colette Nel
New Car Sales Executive
082 821 4252
Limited offer | Terms and Conditions apply


KRAZEEE
party supplies
Carin Janse van Rensburg
krazeeeparties@gmail.com
084 581 4341
144 Caribaeastraat, Lynnwoodrif


NGUNI
MOON
VLEISVERWERKING
PIET
JANSE VAN RENSBURG
082 948 2839
ngunimoon2019@gmail.com
@ngunimoon
144 Caribaea Str, Lynnwoodrif


RAW
TALENT
AMPLIFIED
APPLY NOW
FOR 2024
CONTACT
DEAN BROWN
PRETORIA CAMPUS
012 993 0071
Capsicum
CULINARY STUDIO
CELEBRATING 20 YEARS OF
CULINARY EXCELLENCE


NextTo
APARTMENT HOTEL
%
15% Discount for Hoërskool
Menlopark Students & Parents
• Free Wifi
• Washing Machine
• Smart TVs
• On-site Cafe
• 24h Security
• Underground Parking
309 Lynnwood Rd,
Menlo Park Pretoria
+27 072 750 9895
+27 087 898 3269
bookings@nextto.co.za
www.nextto.co.za


Nail Stuff
NAIL STUDIO
FIBRE GLASS
ACRYLIC
RUBBER BASE
GEL
Bernadette
PROFESSIONAL NAIL TECHNICIAN
083 258 2733
1,3 KM FROM HOËRSKOOL MENLOPARK


MARCO WOUDA
COUNSELLING
Ek is 'n geregistreerde Spesialis Welstandsberader by die Vereniging vir Ondersteunende Beraders en Holistiese Praktisyns (ASCHP).
My doel as welstandsberader is om 'n veilige ruimte te skep waar jy gemaklik jou emosies en probleme openlik en vrylik kan bespreek.
My passie is berading, en ek wil jou graag help om jou probleme te oorkom.
"Probably the biggest insight... is that happiness is not just a place, but also a process. Happiness is an ongoing process of fresh challenges, and it takes the right attitudes and activities to continue to be happy."
— Ed Diener
Kontak My
062 884 8722 | marcowoudacounselling@gmail.com


BRING JOU FIETS VIR 'N DIENS BY
SILVERTON
CYCLES
EN KRY 15% AFSLAG
OP JOU DIENS EN PARTE!
481 PRETORIA ROAD SILVERTON
012 804 0922 / 082 968 4592
INSIDE SILVERTON TOOL CENTRE
WWW.COSMOGROUPSA.CO.ZA
SILVERTON
CYCLES